


# Die kinders se hartdokter

## *Susan Vosloo*

’n Blondekoptweeling, Chris en Basson Truter, het tussen die wingerde en Bolandse berge van Wellington geleer bal skop, krieket speel en fietsry.

Basson kon heeldag bulte uittrap, maar Chris kon nooit lank uithou nie. Sy wangetjies was dikwels bloupers, asof hy ysig koud kry. Teen graad 6 was Chris ’n kop korter as sy tweelingbroer.

Dis omdat Chris se hart voor geboorte nie so perfek soos sy broer s’n ontwikkel het nie. Volgens die dokters het hy aan hipoplastiese linkerhartsindroom gely. Dis soos om ’n halwe hart te hê. Dit moes ongelukkig steeds die werk van ’n hele een doen, en het daarom met moeite genoeg lewegewende bloed vol suurstof deur sy lyf gepomp.

Chris was agt weke oud toe ’n Kaapse hartchirurg, dokter Susan Vosloo, die eerste keer met ’n operasie sy hart en are wou help om beter te werk. Hy was klein genoeg om in ’n skoenboks te pas! Danksy nog twee operasies en vyf soorte pille wat hy daagliks moes drink, het Chris so normaal moontlik vir ’n kind met ’n halwe hart grootgeword.

Ongelukkig het hy in die wintervakansie van sy graad 5-jaar skielik vreeslik siek geword. Dit het sy hart verskriklik beskadig.

“Ons enigste hoop is nou dat Chris ’n nuwe hart kry,” het dokter Susan vir sy ouers, Hugo en Celeste, vertel.

Hulle moes sewe lang maande naels kou. Op Sondagmiddag 18 Februarie 2018 het dokter Susan die Truters gebel met nuus: "'n Jong meisie wat 'n orgaanskenker is, was in 'n ernstige ongeluk en is breindood verklaar. Die hart is net reg vir Chris."

Binne 20 minute het die Truters blitsig vanaf Wellington na die Christiaan Barnard-gedenkhospitaal 70 kilometer verder in Kaapstad, waar Susan werk, gery.

*Ons kind is in goeie hande*, het die Truters geweet.

Hulle het al in koerantberigte en tydskrifartikels gelees dat sy ook die ma van 'n tweeling is. Ná skool het sy medies aan die Universiteit van die Vrystaat studeer, en toe verder geleer om 'n hartchirurg te word. Op 11 Oktober 1988 het Susan die eerste Suid-Afrikaanse vrou geword wat 'n hartoorplanting uitgevoer het. Sedertdien het sy al meer as 100 sulke oorplantings gedoen. Sy't ook al tienduisende ander ure lange hartoperasies uitgevoer op veral pasgebore babas of kinders wat met hartprobleme gebore is.

Op skool het sy graag haar eie baadjies en rompe gemaak. Sy het sedertdien haar naaldwerkvaardighede gebruik om die fynste chirurgiese stekies in te sit en toe te werk waar nodig.

Twaalf uur se staan in 'n operasiesaal op die negende vloer van die hospitaal het die Maandag op Susan en haar span gewag. Onder hulle was die pediatriese chirurg Wopke van Hoorn en die skropsuster Eva Eckart, wat oor die afgelope drie dekades nog elke liewe keer Susan se regter- en linkerhand tydens operasies was.

*Moenie dinge jaag nie. Alles moet reg wees voor jy na die volgende stap oorgaan*, het Susan haarself vir oulaas herinner, en 'n skerp kopliggie met 'n swart band aangeskakel.

Deur haar chirurgiese teleskoop wat soos 'n sterk vergrootglas werk, kon Susan presies sien waar om te sny en watter are om te verbind.

Die operasie het teen 14:30 begin. Eers moes Chris aan die hart-longmasjien gekoppel word, en sy eie, moeë hart is verwyder. Vroegaand het Susan die skenkerhart begin inplant. Sy het dit met haardun, onoplosbare chirurgiese blou garing aan Chris se eie are vasgeheg. Eers teen 01:45 die Dinsdagoggend is die blondekopseun uiteindelik uit die teater gestoot.

"Daar klop 'n nuwe hart in ons kind se borskas!" het sy ouers verwonderd vir mekaar gesê toe hulle hom sien. "Kyk die gesonder kleur in sy gesig!"

'n Hartoorplanting is nie 'n eenvoudige operasie nie. Susan moes drie keer weer op Chris opereer om seker te maak alles werk heeltemal reg.

Vyf weke later kon Chris op 26 Maart 2018 uiteindelik huis toe gaan. Sy skoolmaats het langs Wellington se strate gestaan en hom met vlaggies en ballonne ingewag. Teen Desember het hy saam met hulle hekkies gespring en 800 meter gehardloop by sy skool se atletiekbyeenkoms!

Chris moet vir die res van sy lewe daagliks hande vol pille drink wat help keer dat sy lyf sy nuwe hart verwerp. Tog was alles die moeite werd. Hy het 'n nuwe lewe danksy die hartskenker en Susan se oorplantingspan. Uit dankbaarheid het sy familie die Heart4Chris-veldtog (www.heart4chris.co.za) begin om mense aan te moedig om ná hul dood orgaanskenkers te wees.

**MEER OOR DOKTER SUSAN VOSLOO:**
**Gebore:** 8 Maart 1957, Kroonstad
**Matrikuleer:** Hoërskool Sentraal, Bloemfontein, 1974



**Wat is 'n hart-longmasjien?** Die masjien verrig tydens hartoperasies die werk van 'n hart en pomp heeltyd lewegewende, suurstofryke bloed deur 'n pasiënt se lyf.

**Word 'n orgaanskenker.** Baie mense het nuwe organe soos 'n hart, lewer, pankreas, longe en niere dringend nodig om te oorleef. Ná jou dood kan dele van jou liggaam tot 50 mense help. Dokters plant ook liggaamsweefsel soos hartkleppe, korneas, vel en selfs stukkies been oor. Kontak die Stigting vir Orgaanskenkers (www.odf.org.za).